# Watter Stem Hoor Jy?



# Watter Stem Hoor Jy?





**2020-07-12**

**AGS Rayton**

**Past Gustav van Aardt**

# Skrifgedeeltes

- Rom 5:5
- Rom 8:13, 14 & 26
- Joh 14:26 & Joh 16:14
- Ef 5:18-19
- 2 Kor 13:13
- Job 33:4
- Joh 16:33

# Baie Stemme Om Ons

- Negatiewe boodskappe
- Stem van die duiwel
- Stemme van verloor en opgee
- Stemme van jou verlede







# Die Heilige Gees

- Belangrikste en enigste stem wat saakmaak nou:

**Die Heilige Gees**

***Rom 8:14 Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God.***





# Die Heilige Gees Maak die Woord oop

- Hy sal die Woord vir jou oopmaak en jou leer.
- Sien in kleure en 3 dimensioneel.
- Jy sal dinge ontdek wat Hy jou leer.

*Joh 14:26 maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, **Hy sal julle alles leer** en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.*





# Die Heilige Gees Help Jou Om Te Bid

- Jy kan met die Heilige Gees praat terwyl jy bid.

*Rom 8:26 En net so kom ook die* ***Gees ons swakhede te hulp****, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge.*



# Die Heilige Gees Help Jou Om Te AANBid

- Die Heilge Gees verheerlik altyd Jesus

*Ef 5:18 ... maar word met die **Gees vervul**.*

*Ef 5:19 Spreek onder mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere; en sing en psalmsing in julle hart **tot eer van die Here**,*



# Die Heilige Gees Stort God Se LIEFDE Uit in Jou

- Die Heilige Gees gee jou God se bonatuurlike liefde vir alle mense.

*Rom 5:5 en die hoop beskaam nie, omdat die **liefde** van God in ons harte **uitgestort** is **deur die Heilige Gees** wat aan ons gegee is.*



# Kruisig Die Vlees

- Jy oorwin die vlees **deur die Heilige Gees**.

*Rom 8:13 want as julle na die vlees lewe, sal julle sterwe, maar as julle* ***deur die Gees*** *die* ***werke van die liggaam doodmaak****, sal julle lewe.*



**Die Heilige Gees is die krag van God. Rigters 14:5-6**

# Hoe Word Ek Gelei Deur Die Heilige Gees

- Jy leer Sy stem ken.  Hy kommunikeer die stem van God
- Jy hou gemeenskap (fellowship / communion and sharing together)

*2Kor 13:13  Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die* ***gemeenskap van die Heilige Gees*** *sy met julle almal! Amen.*

*Job 33:4  Die Gees van God het my geskape, en die asem van die Almagtige maak my lewend.*

# Jy Kan Vrede Hê – Luister Na Die Regte Stem

- Die Heilige Gees gee jou Jesus se bonatuurlike vrede in jou lewe.  (Selfs in ‘n storm)

*Joh 16:33  Dit het Ek vir julle gesê, **dat julle in My vrede kan hê**. In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin.*

- Die belangrikste is dat jy vrede in jou gedagtes en jou gees kan hê.  Kry die stem van Jesus binne jou.  Dit kom deur die Heilige Gees.

# Luister Na Stem Van Die Heilige Gees



# Kontak AGS Rayton

www.ags-rayton.co.za

https://www.facebook.com/groups/135697786607125/

gustavVA@gmail.com

WhatsApp: +27 66 486 5453

**Bronne:** Die Bybel (1953); Matthew Henry Commentary; Living Bible; Amplified Bible